

Sondag 3 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 8:26-30; HK Sondag 1, Antwoord 1

Fokusgedeelte: Romeine 8:28

Ons troos: ons Vader laat alles tot ons saligheid dien

Om ware troos by God te vind, beteken nie dat ons moet maak asof daar geen swaarkry en lyding in hierdie wêreld is nie. Die harde werklikheid van die lewe sal ons in elk geval gou tot besinning ruk. God plaas soms swaarkry en pyn op ons lewenspad in die vorm van siekte, teleurstelling, die dood van 'n dierbare, finansiële probleme en dergelike sake. Daarmee het Hy egter 'n heilige en verhewe doel. Paulus sê dat die Here alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet – alles, ook die pynlike en onaangename dinge. En die goeie waarvan Paulus hier praat, is veral die ewige saligheid wat daar op die kind van God ná hierdie lewe wag. Dit is die groot doel wat die Vader vir sy kinders in die oog het. En in alles wat Hy oor ons hier op aarde laat kom, hou Hy daardie doel in die oog: dit moet vir ons ten goede meewerk; dit moet tot ons saligheid dien.

Dis belangrik vir die gelowige om dit te weet. Trouens, daar gebeur soms dinge in ons lewens wat ons baie seermaak, maar waarvan ons later moet erken dat dit vir ons goed was dat dit gebeur het en dat ons God daarvoor kan en wil dank. Die digter van Psalm 119 (:71) het dit ook ervaar, want hy sê: *“Dit was vir my goed dat ek swaargekry het, want daardeur het ek u voorskrifte geleer”* (vgl. ook vs 67). 'n Mens dink ook aan die geskiedenis van Josef (Gen. 35, 50). Dit is egter nie altyd die geval nie. Soms kom daar beproewings oor ons lewens waarvan ons die sin en doel nie kan verstaan nie. Daar vloei soms tranes wat met alles wat die wêreld ons bied, nie ge-droog kan word nie. Ons ervaar soms verliese wat deur niks op aarde herstel of vergoed kan word nie. Tog moet ons in die geloof aanvaar dat God ook daardie beproewings vir ons ten goede laat meewerk en dat ons die sin en betekenis daarvan eers ná hierdie lewe in die ewige heerlijkheid sal sien (2 Kor. 4:16-5:1). Dan sal ons sien hoe ons verliese onder God se voorsienige leiding meegewerk het om ons in 'n ewige hemelse wins te laat deel. Ons sal ook sien dat elke lewenservaring, ook die pynlike en skynbaar onverstaan-bare gebeurtenisse in ons lewens, nie spoorloos by ons verbygegaan het nie, maar dat dit middele was waardeur die Here ons geskaaf en reggemaak het vir ons plek op die nuwe aarde. Ons hele lewe as kinders van God moet dus te midde van lyding en pyn gesien word in die lig van die ewige lewe wat God deur Christus berei het vir dié wat Hom liefhet.